HOËRSKOOL FICHARDTPARK

FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Die kwartaal is reeds spoedig aan die gang met allerlei bedrywighede en ons is in die besonder trots op die deelname en betrokkenheid van Hoërskool Fichardtpark se leerders.

Die Gr. 8-kamp wat onlangs by Retiefkampterrein plaasgevind het, was ‘n groot sukses. Hoërskool Fichardtpark is trots op die prestasies van ons krieketspelers die afgelope week.

Op die atletiekbaan het ons leerders uitsonderlik gevaar en Hoërskool Fichardtpark kyk met groot dankbaarheid terug na ‘n suksesvolle atletiekbyeenkoms.

VAKANSIE AKTIWITEITE

Krieket

Baie geluk aan die volgende krieketspelers wat vir die SA-Plattelandspan gekies is en op toer gaan na Sri Lanka:

- Marcu van Jaarsveld
- Hanco Swanepoel
- Shuan Schietekat
- Jandré van der Merwe

Rugby

Francois Bester en Reno Kok het 'n oorsese rugbytoer as lid van die Rhino o/17 span onderneem. Wedstryd 1 – wen 35 – 31 vs Kirkhan College (een van die top 3 skole in Engeland).
Wedstryd 2 – wen 26 -13 vs Merhyr (Wallis)
Wedstryd 3 – wen 64 – 26 vs Coanterbarry.
Wedstryd 4 – wen 60 – 0 vs Saraceus 0/17.

Hokkie

Joanette Niemand, Bernice Booysen en Anel Pieterse het tydens die Desember vakansie deelgeneem aan die Elsie Coetzee hokkie toernooi. Hierdie drie dogters is gekies vir die oorsese toer na Nederland in September 2019.

Skaak

Die volgende vier leerders het die SA-skaakspan verteenwoordig:

Jeanré Coetzee en Niel Arlow (o/16A) en Ruhandré Coetzee en André Geldenhuys (o/18A). Ruhandré en André behaal tweede plekke algeheel.

Varswater Oewerhengel

Ryno Annandale, Marcu van Jaarsveld, Ivan Mostert, Sydney Jones en Ruan Olivier was deel van die Vrystaat Junior Varswater Oewerhengelspan wat van 17 – 19 Desember 2018 te Bloemhofdam aan die SA toernooi deelgeneem het. Vrystaat word aangewys as die algehele wenners en verwerf goue medaljes. Ryno word ook gekies vir die junior Protea Span.

2019 Krieketuitslae

o/15A wen Grey B Span met 5 paaltjes.
Erik Klopper 26 n.u.n
Jarred van Zyl 1 paaltjie vir 11 lopies.

o/15B wen St. Andrews C span met 104 lopies.

o/15C wen Jim Fouché B span met 2 paaltjies.

o/19B wen Botshebelo A span met 26 lopies.

SKOOLWINKEL

Die klerewinkeltye is as volg vir die komende week:

Maandag:	21 Januarie 14:00 – 15:00
Dinsdag:	22 Januarie 07:00 – 08:00
Wonesdag:	23 Januarie 14:00 – 15:00
Donderdag:	24 Januarie 14:00 – 15:00
Vrydag:	25 Januarie 07:00 – 08:00

VRYSTELLING VAN SKOOLGELD (HULPFONDS)

Die aansoekvorm vir vrystelling van skoolgeld is by Me Zelda Ackerman. U moet die vorm persoonlik inhandig nie later as 28 Februarie nie.

"KEN MEKAAR BRING-EN-BRAAI"

Alle ouers word uitgenooi na ons jaarlikse "Ken mekaar bring-en-braai":

Datum:	Woensdag 23 Januarie
Tyd:	18:00
Plek:	Itec-Netbalklubhuis
Reëlings:	Bring eie eet- en drinkgoed en stoele of 'n kombers saam.

NEEM KENNIS VAN DIE VOLGENDE:

Rig alle navrae aan die tersaaklike rolspelers via e-pos.

Ontvangs en afwesighede (Joey van Ronge): ontvangs@fpark.co.za
Algemene navrae (Angie van der Merwe): fichpos@fpark.co.za
Boekestoor / afrolkamer (Gerda Muller): rekeninge@fpark.co.za
Krediteure (Elizabeth Gouws): finans@fpark.co.za
Debiteure (Zelda Ackerman): skoolgeld@fpark.co.za
Bemarking / Werwing (Jacques de Kock): bemarking@fpark.co.za
Sport (Mnr Abrie Myburgh): sport@fpark.co.za

"MAMMAS WAT OMGEE"

Mammas wat omgee het die geleentheid om in te skakel by die groepie mammas wat bid vir ons skool en ons kinders. Daar is elke Vrydag 'n geleentheid in die konferensiekamer by Hoërskool Fichardpark om 07:30. Kontak gerus vir Willyne Bosman by 084 588 5733 vir verdere inligting of om 'n gebedsversoek te rig kan u haar gerus sms of Whatsapp.

Die Atletiekuitslae volg in die volgende nuusbrief.

FICHIE-GROETE